kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Die genesing van aanraking

Skriflesing: Markus 1:40-45 en Psalm 30:12,13

Broodjies vir die pad

"I never made one of my discoveries through the process of rational thinking"
— Albert Einstein

"We do not believe in ourselves until someone reveals that deep inside us something is valuable, worth listening to, worthy of our trust, sacred to our touch. Once we believe in ourselves we can risk curiosity, wonder, spontaneous delight or any experience that reveals the human spirit."
— E.E. Cummings

"An understanding heart is everything in a teacher, and cannot be esteemed highly enough. One looks back with appreciation to the brilliant teachers, but with gratitude to those who touched our human feeling. The curriculum is so much necessary raw material, but warmth is the vital element for the growing plant and for the soul of the child."
— Carl Gustav Jung

"The majority of us lead quiet, unheralded lives as we pass through this world. There will most likely be no ticker-tape parades for us, no monuments created in our honor. But that does not lessen our possible impact, for there are scores of people waiting for someone just like us to come along; people who will appreciate our compassion, our unique talents. Someone who will live a happier life merely because we took the time to share what we had to give. Too often we underestimate the power of a touch, a smile, a kind word a listening ear, an honest compliment, or the smallest act of caring, all of which have a potential to turn a life around. It's overwhelming to consider the continuous opportunities there are to make our love felt."
— Leo Buscaglia

"To touch the soul of another human being is to walk on holy ground."
— Stephen Covey

"While food makes us live, stories are what make our lives worth living."
— Richard Kearney, On Stories

"We can express our feelings regarding the world around us either by poetic or by descriptive means. I prefer to express myself metaphorically. Let me stress: metaphorically, not symbolically. A symbol contains within itself a definite meaning, certain intellectual formula, while metaphor is an image. An image possessing the same distinguishing features as the world it represents. An image — as opposed to a symbol — is indefinite in meaning. One cannot speak of the infinite world by applying tools that are definite and finite. We can analyse the formula that constitutes a symbol, while metaphor is a being-within-itself, it's a monomial. It falls apart at any attempt of touching it."
— Andrei Tarkovsky

Andrei Arsenyevich Tarkovsky (Russian: Андре́й Арсе́ньевич Тарко́вский) was a Soviet film director, writer and opera director. Tarkovksy is listed among the 100 most critically acclaimed filmmakers. He attained critical acclaim for directing such films as Andrei Rublev, Solaris and Stalker.

Tarkovsky also worked extensively as a screenwriter, film editor, film theorist, and theater director. He directed most of his films in the Soviet Union, with the exception of his last two films which were produced in Italy and Sweden. His films are characterized by Christian spirituality and metaphysical themes, extremely long takes, lack of conventional dramatic structure and plot, and memorable images of exceptional beauty.

Vry van 'n vrees vir ander mense

Anton van Niekerk

Onthou u nog die volgende?

Kinders wat skoolgaan.

Om jou werk op kantoor te doen.

Om 'n ou vriend op straat raak te loop en met die hand te groet.

Om, as 'n aangestelde dosent, klas te gee vir studente wat voor jou sit.

Om teater toe te gaan of 'n kultuurfees by te woon.

Om vergaderings te hou sonder om na 'n skerm te staar.

Om vriende na 'n restaurant te nooi en 'n bottel wyn in die proses saam te geniet.

Om te kom en te gaan waar en wanneer jy wil – soos 'n grootmens.

Om sport te kyk – in lewende lywe of op televisie – en te deel in die ekstase van 'n groot skare toeskouers.

Om 'n erediens in die kerk by te woon en jou stem te voeg by hartlike lofsange wat deur die gebou dawer.

Om ongehinderd asem te haal as jy jouself in die openbaar bevind.

Om mense wat jy ken, te herken sonder 'n stuk lap wat hul gesigte bedek en om sonder vrees of skuldgevoelens met hulle in gesprek te tree.

Om 'n gebou te betree sonder om 'n vorm in te vul of met 'n koorspistool geskiet te word.

Om op 'n strand te gaan stap.

Om 'n storie oor 'n kabinetsminister wat met 'n warm pak klere en 'n stywerandhoed strande patrolleer, doodgewoon nie te glo nie.

Om iemand wat vir jou iets beteken het in die lewe, se begrafnis by te woon sonder om te voel soos 'n oortreder of indringer as jy nommer 51 van die aanwesiges is.

Om eenvoudig nie vir die fisieke teenwoordigheid van ander mense bang te wees, of hulle vir my nie.

Kortom: Om bevry te word van skynbaar ewigdurende vrees vir ander.

Wat het geword van die wêreld waarin dit wat ek gelys het, totaal alledaagse, vanselfsprekende ervarings of aktiwiteite was?

Oor die afgelope jaar moes ons met ’n skynbaar nimmereindigende reeks skokke al hoe meer besef dat die vanselfsprekende onvanselfsprekend kan word.

Dat die mees onskuldige en spontane dinge wat mense doen (soos om ’n ou bekende of ’n kind of kleinkind te omhels) eenvoudig gevaarlik is en liefs uit die instrumentarium van menslike interaksie behoort te verdwyn.

Hoe moet ons aanhou mens wees in so ’n situasie? Wat ook al anders van ons spesie gesê kan of mag word, een ding is seker: Ons is radikaal sosiale wesens. As spesie oorheers ons tans die wêreld en is ons die suksesvolste diersoort van alle tye, omdat ons die geheimenis van taal ontdek het.

Taal, nie slegs as kommunikasiemiddel nie, maar veral as instrument van sosiale organisasie. Die wêreld waarin ons woon is die gereflekteerde gesig van ons volgehoue intervensie in die wêreld via ons sosiale organisasie.

Dit alles is bereik omdat ons radikaal en onomkeerbaar sosiaal is. Ons menslikheid is ’n uitreik na en omarming van ander – liggaam, siel en gees.

Hier worstel ons nou met ’n gewetenlose goggatjie wat ons aanval in die kern van ons menslikheid. As hierdie (ware) verhaal fiksie was, sou ons waarskynlik almal saamgestem het dat dit hopeloos oordrewe en onrealisties is.

Elisabeth Eybers se gedig “Verhaal” kom onwillekeurig by my op as ek my kop om hierdie dinge probeer kry: “Verlange word aanvaarding, langsaamaan, en wag is beurtelings hoop én wanhoop, tot die twee versmelt, en stilte alleen bestaan”.

Ek hoop van harte daardie verlammende stilte is nie ons voorland nie. Mag hoop meer oplewer as wanhoop.

** Van Niekerk is ’n professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/vry-van-n-vrees-vir-ander-mense-20210201

“The life I touch for good or ill will touch another life, and in turn another, until who knows where the trembling stops or in what far place my touch will be felt.”
— Frederick Buechner, The Hungering Dark

“Usually the recipe for a bestseller is to give people what they want. My challenge is and was: Give them what they do not expect. Be severe with them. The world of media is full of easy answers, wash-and-wear philosophies, instant ecstacies, what-me-worry Epiphanies. Probably readers want a little more.”
— Umberto Eco

“Only the man who has had to face despair is really convinced that he needs mercy. Those who do not want mercy never seek it. It is better to find God on the threshold of despair than to risk our lives in a complacency that has never felt the need of forgiveness. A life that is without problems may literally be more hopeless than one that always verges on despair.”
— Thomas Merton, No Man Is an Island

“Why are there beings at all instead of nothing? That is the question. Presumably it is not arbitrary question, "Why are there beings at all instead of nothing"- this is obviously the first of all questions. Of course it is not the first question in the chronological sense [...] And yet, we are each touched once, maybe even every now and then, by the concealed power of this question, without properly grasping what is happening to us. In great despair, for example, when all weight tends to dwindle away from things and the sense of things grows dark, the question looms.”
— Martin Heidegger, Being and Time
One of the most important philosophical works of our time, a work that has had tremendous influence on philosophy, literature, and psychology, and has literally changed the intellectual map of the modern world.

Brood vir die pad

’n Tydige pleidooi vir aanraking as wesenlike sintuig

RRV

‘Dit is nie hoe dit veronderstel is om te wees nie,” het ’n verbyganger opgemerk toe hy sien wat ons doen.

Ons het my seun, wat kort tevore positief getoets is vir Covid-19, se Kersgeskenk op die sypaadjie voor sy blyplek in Kaapstad neergesit. En nadat hy na buite gekom het, het ons vanaf die oorkant van die pad met hom gesels.

Dit het vreemd en onnatuurlik gevoel, want ons behoefte was na méér as die aflewering van ’n pakkie; ons wou omhels en aanraak.

Die laaste tyd is heelwat gepraat oor hoe ons weens die pandemie-maatreëls oor liggaamlike en sosiale afstandhouding opnuut bewus geword het van die belangrikheid van fisieke nabyheid en aanraking vir ons persoonlike en gemeenskaplike welstand.

Een van die stemme wat die laaste jare ’n sterk pleidooi vir ’n herwaardering van aanraking as ’n wesenlike sintuig gelewer het, is die Ierse filosoof Richard Kearney. Sy boek Touch: Recovering Our Most Vital Sense verskyn eersdaags.

Wat Kearney uitwys, is dat die Westerse denke sedert Plato voorrang verleen het aan die oog. Die mens (anthropos) is die wese wat opwaarts kyk, en nie op die grond rondtas nie. Ook in ons dag is sig al hoe meer dominant soos wat ons meer tyd voor skerms deurbring.

Daarom Kearney se vraag of ons in ’n toenemende virtuele wêreld nie ons aanvoeling vir beliggaming en aanraking verloor het nie. Leef ons nie in die era van wat die filosoof Charles Taylor “excarnation” noem nie? Dus ’n soort omgekeerde beweging as die inkarnasie of vleeswording. Soos Kearney dit stel: “For if incarnation is the image become flesh; excarnation is flesh become image.” Daarom sy oproep: “We need to return from brain to fingertip, from iCloud to earth. To close the distance so that eros is more about proximity than proxy.”

Tot die hart van die Christelike geloof behoort juis die gedagte van die inkarnasie, van God wat in Christus vlees geword het. En met die lees van die verhale oor die aardse Jesus wat mense gesond maak (soos in die Markus-evangelie), val dit op hoe heling verband hou met Jesus wat sy hand uitreik en mense aanraak, asook dat hy self aangeraak word.

Ons sou die oproep vir ’n herontdekking van aanraking as ’n wesenlike sintuig dus ook teologies kon begrond. Dit is egter ook moontlik dat die pandemie ons dikvellig kan maak; té gewoond aan afstand en afsondering.

Daarom moet ons in voeling bly met die Kaapse verbyganger se waarneming: “Dit is nié hoe dit veronderstel is om te wees nie.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-n-tydige-pleidooi-vir-aanraking-as-wesenlike-sintuig-20210206

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877